2019/01/21
08:49 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| GRAIN SA / GRAAN SA | DATUM 2018/01/21 | DATUM 2018/01/18 | | | + - LAST WEEK 2019/01/14 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 24706 | 336.25 | 1.4% | 24370 | 3.0% | 23996 |
| Goud (Spot) | 1281.15 | -10.24 | -0.8% | 1291.39 | -0.7% | 1290.68 |
| Brent $/vat | 62.78 | 1.65 | 2.7% | 61.13 | 4.8% | 59.88 |
| 1 € / US$ | 1.1377 | 0.00 | -0.1% | 1.1391 | -0.8% | 1.1474 |
| 1 US$ / ZAR | 13.82 | 0.110 | 0.8% | 13.71 | -0.6% | 13.90 |
| Corn | R 2 076.15 | 25 | 1.2% | R 2 050.99 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 2 628.36 | 21 | 0.8% | R 2 607.44 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 654.48 | 82 | 1.8% | R 4 572.09 | * CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | |
| Corn Dec 18 | 381.60 | 1.60 | 0.4% | 380.00 | Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit | |
| Wheat Dec 18 | 517.60 | 0.00 | 0.0% | 517.60 | | |
| Soybeans Nov 18 | 916.60 | 9.00 | 1.0% | 907.60 | | |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
| SORGHUM Mar '19 | 3750.00 | 0.00 | 0.0% | 3750.00 | 3467.00 | 1768.00 |
| WMAZ Spot | 3249.00 | -1.00 | 0.0% | 3250.00 | 3890.00 | 2113.00 |
| WMAZ Dec 18 | 3286.00 | 54.00 | 1.7% | 3232.00 | 3397.00 | 1906.00 |
| WMAZ Jul 19 | 3385.00 | 59.00 | 1.8% | 3326.00 | 3474.00 | 1982.00 |
| YMAZ Spot | 2818.00 | 10.00 | 0.4% | 2808.00 | 3340.00 | 2113.00 |
| YMAZ Dec 18 | 2847.00 | 7.00 | 0.2% | 2840.00 | 3397.00 | 1906.00 |
| YMAZ Jul 19 | 2832.00 | 4.00 | 0.1% | 2828.00 | 3474.00 | 1982.00 |
| SOY spot | 4859.00 | 41.00 | 0.9% | 4818.00 | 6062.00 | 4022.00 |
| SOY May 19 | 5020.00 | 17.00 | 0.3% | 5003.00 | 6524.00 | 4465.00 |
| SUN Spot 18 | 5850.00 | 46.00 | 0.8% | 5804.00 | 5862.00 | 4306.00 |
| SUN May 19 | 5737.00 | 55.00 | 1.0% | 5682.00 | 5862.00 | 4306.00 |
| WHEAT Spot | 4410.00 | 31.00 | 0.7% | 4379.00 | 4465.00 | 4145.00 |
| WHEAT Mar 19 | 4470.00 | 40.00 | 0.9% | 4430.00 | 4534.00 | 4214.00 |
| WHEAT May 19 | 4532.00 | 37.00 | 0.8% | 4495.00 | 4772.00 | 4452.00 |

| BY DIE GELD PUT OPSIE | | | |
|---|---|---|---|
| | WM | YM | |
| JUL '19 TERMYNPRYS | R 3 385.00 | R 2 832.00 | |
| PUT TREFPRYS | R 3 380.00 | R 2 840.00 | |
| PUT PREMIE | R 381.87 | R 183.89 | |
| MIN SAFEX PRYS | R 2 998.13 | R 2 656.11 | |
| WEEK NR. | MIELIE UITVOERE | | |
| 38 | WM | YM | TM |
| WEEK TOTAAL | 11 543 | 6 138 | 17 681 |
| JTD TOTAAL | 326 587 | 1 432 136 | 1 758 723 |
| UITVOERBAAR | 1 550 000 | 2 455 000 | 4 005 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 21% | 58% | 44% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 87 387 | 73 062 | 160 448 |
| | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | |
| WEEK TOTAAL | 2 458 | 2 948 | 5 406 |
| JTD TOTAAL | 6 273 589 | 5 782 598 | 12 056 187 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 6 601 560 | 5 779 650 | 12 381 210 |
| % GELEWER VAN OES | 95% | 100% | 97% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 54 662 | -491 | 54 171 |
| | KORING INVOERE | | |
| | 2018/19 | 2017/18 | 5 Jr. GEM |
| WEEK TOTAAL | 21 794 | 57 195 | 37 425 |
| JTD TOTAAL | 183 764 | 520 235 | 355 067 |
| TOTAAL BENODIG | 1 400 000 | 2 173 234 | 1 727 637 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 13% | 24% | 21% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R13.83 teenoor die dollar. Die rand het Vrydag met 0,5% teenoor die dollar verswak, maar het nog steeds die week effens sterker geëindig. Verwagtinge oor handelsspanning tussen die VSA en China het beide lande bevoordeel, terwyl ander opkomende markte se geldeenhede verswak het. Die rand sal na verwagting in die komende weke 'n redelike mate van wisselvalligheid toon weens plaaslike sake; politieke, monetêre, fiskale en handelsperspektief sowel as internasionale faktore, naamlik die handelsoorlog tussen China en die VSA. Die president en sy afvaardiging het na die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) in Switserland gegaan, met die hoop om nuwe beleggings te lok; volgens die president is Suid-Afrika in 'n beter posisie om meer beleggings te lok, gegewe 'n verenigde privaat sektor, regering en arbeid. Die FNB / Buro vir Ekonomiese Navorsing se verbruikersvertroue indeks vir die vierde kwartaal van 2018 sal Donderdag gepubliseer word. Die indeks sal na verwagting 'n verbetering op die derde kwartaal toon. Die Britse premier berei voor om vas te stel waar Brexit volgende gaan, na die oorweldigende verwerping van haar ooreenkoms 'n week gelede. Sy moet Maandag 'n plan aan die parlement voorlê, waar lede reeds besig is met planne om beheer oor die proses te neem. Ru-olie verhandel tans teen $62,78 per vat.

**Mielies:** VSA mieliepryse het Vrydag hoër gesluit nadat 'n tweesydige verhandeling, sojaboon prysstygings en warm droër toestande in Brasilië die pryse ondersteun het. Suid-Amerikaanse weer bly aktief in die markte, aangesien die onlangse weerpatrone 'n kombinasie van verbeterde reënkanse vir sommige streke sien, maar oormatige droogte in ander. Hierdie tydperk is krities vir gewasontwikkeling in Suid-Amerika; in die volgende paar weke kan die mark meer aktief wees. Terwyl die USDA nie uitvoertransaksies kan bevestig as gevolg van sy sluiting nie, was Suid-Koreaanse veevoervervaardigers die afgelope week aktiewe kopers. Dit is 'n aanduiding dat eindgebruikers doen wat gedoen moet word, USDA of geen USDA. Suid-Koreaanse kopers dek gewoonlik 'n paar van hul behoeftes, beide voor en na die groot USDA verslae. Met geen data wat uitkom, het hulle hierdie week teruggekeer in die mark en sommige van die mark se negatiewe prysmomentum gebreek. **Plaaslik:** Plaaslike mieliepryse het gemeng verhandel, maar meestal hoër. Maart-witmielie-kontrakte verhandel tot 'n laagtepunt van R3 235 per ton en 'n hoogtepunt van R3 332 per ton voor die sluiting van die dag teen R3 286 per ton.

**Sojabone:** VSA sojaboonpryse het Vrydag hoër verhandel, met sessie hoogtepunte gevolg deur laat winsneming, maar die mark kon 'n afname verhoed met hoop dat die handelsgesprekke tussen die VSA en China vrugte afwerp. Die positiewe sentiment in die sojaboonmark vir die tweede agtereenvolgende dag was gekoppel aan positiewe gerugte oor Chinese en Amerikaanse handelsonderhandelinge, met die voorstel dat China oor die volgende paar jaar aggressief Amerikaanse produkte kan koop. China se doelwit is om die handel surplus tussen China en die VSA teen 2024 te verminder met die toenemende aankoop van $1 triljoen dollar se waarde. Hierdie gerugte moet egter nog bevestig word. Terwyl dele reën in die afgelope 24 uur in Brasilië ontvang het, bly die toestande oor die algemeen warm en droër, wat na verwagting oor die volgende weke sal duur. Die vraag is ook onseker, want Chinese aankope kan vertraag word voor die Lunar New Year-vakansiedae waar markte sluit vir 4-8 Februarie. **Plaaslik:** Plaaslike sojaboonpryse het Vrydag hoër verhandel. Maart-sojaboon-kontrakte verhandel tot 'n laagtepunt van R R4 858 per ton en 'n hoogtepunt van R4 960 per ton voor die sluiting op R4 925 per ton.

**Koring:** VSA koringpryse het Vrydag 'n tweesydige handelsessie beleef. Die VSA koringmark het Donderdag ondersteuning ervaar, met die moontlikheid dat koring aan China verkoop word, wat veroorsaak dat die mark aggressiewe kort dekking ondervind. Vrydag het tweesydige knap verhandeling gesien, aangesien die mark op soek was na rigting. Weer oor die VSA Vlakte lyk kouer, en vanjaar se winterkoringgewas het sneeubedekkings. Die weer is nie 'n korttermynbekommernis nie, maar kan 'n invloed hê aangesien ons die komende weke nader aan dormansie beweeg. **Plaaslik:** Plaaslike koringpryse het Vrydag hoër verhandel. Maart koring kontrakte verhandel tot 'n laagtepunt van R4 418 per ton en 'n hoogtepunt van R4 475 per ton voor die sluiting op R4 470 per ton.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *www.usda.co.za*

***Opgestel deur** Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / **Vir navrae, kontak**: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

The Maize Trust

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*